# Kranspoort Bulletin

***Uitgawe 5, Januarie** 2021*






Photo by Mike Lumb

**Ambulans Noodnommers: 064 834 5725 of 064 516 3108**

Interessante artikels:

## Hoogtepunte in hierdie uitgawe

Kranspoort Warden's 2020 report. (Bl.3)

Jukskeilaer sluit die jaar af.
(Bl.5)

Ambulansdiens vir Kranspoort
(Bl.6)

Kranspoortfees foto's
(Bl.7-11)

In die natuur. (Bl.13-14)

Kampvuurstorie:
Uit die dagboek van 'n Veldwagter (Bl.15-16)

**Nuut**: Ontmoet die Kwêvoël (Bl.17)

# ‘n Warm verwelkoming – 2021

“Ai, jaja oe.. dis ‘n nuwe jaar. Ai, jaja .. ons is deurmekaar.” Sing ek vanmôre saam met die Kaapse Klopse. Die kuiermense is weg en hier sit ek met berge vuil wasgoed, vuil vloere, stof oral en leë yskaste. Ai, jaja oe… dis ‘n nuwe jaar, als is deurmekaar...

Elke nuwe jaar verteenwoordig gewoonlik ‘n nuwe begin, wonderlike voornemens en planne vir die jaar wat voorlê. Ons reflekteer oor die jaar wat verby is, maar nou is ook die tyd om moed en hoop bymekaar te skraap vir die jaar wat voorlê.

Op hierdie noot wil die Redaksie graag aan elke Kranspoorter en leser ‘n voorspoedige, gesonde en geseënde 2021 toewens.

Geniet hierdie uitgawe en onthou al die vorige uitgawes is steeds beskikbaar by www.kranspoortdorp.co.za (kies Algemeen en daarna Kranspoort Bulletins).

# KEK bestuur lewer hulle nuwe jaar boodskappe.

**Wynand Pretorius (Director: HR & Golf)**

2020 Was a challenging year for all sport communities, and Kranspoort Golf Club also felt the impact thereof. As with other sports, Golf was forbidden for a long period of time, hence the lock down of the Club and course. We were concerned of losing members and visitors during the pandemic but the Golf Club personnel remained positive throughout all the levels of lockdown, believing in the commitment and passion of the golf players in this area.

After months of lock down and limited access to the course, the number of players started to increase until we were back in full swing. We were overwhelmed by the support and loyalty of local players and visitors since the opening of the economy and subsequently the golf course..

Kranspoort Golf Club quickly recovered from the massive losses sustained and is currently performing better than envisiged. The financial bottomline looks very promising and we are looking forward to a financial stable and successful 2021.

On behalf of the Golf Club personnel, sponsors and players, we wish everyone a healthy, happy and joyful 2021. Reap the opportunities that exist notwithstanding the trauma and hurdles brought about by the pandemic. It's time to hope, believe and plan for great things in 2021.
The science of positive thinking has proven that we can cultivate happiness through our thoughts, actions, choices and the decisions we take. Make the decision to be happy and positive during 2021.

Regards
Wynand

# Uit Piet se pen.

Geagte Kranspoorter,

Aan die begin van ‘n nuwe jaar kyk mens gewoonlik vorentoe na wat alles in die nuwe jaar kan gebeur of vermag kan word. Alles is egter nie meer so vanselfsprekend of maklik soos in die verlede nie.

Die afgelope jaar is ‘n sprekende voorbeeld hiervan, met Covid 19 wat alles kom deurmekaar krap het.
Baie meer beplanning en goeie, gesonde besluite is deesdae nodig om ons deur die pandemie te sien. Hoewel alles in ‘n oogwink kan verander. Die moeilike inperkings en regulasies het egter nie ons geesdrif gedemp nie.

Die direksie en bestuur is steeds baie positief en dink al klaar vêr vooruit aan alles wat hierdie jaar bereik kan word. Die “ons” sluit natuurlik almal in Kranspoort in en ons weet dat Kranspoort-inwoners se bewese betrokkenheid in die opbou van ons dorp, die bepalende faktor hiervoor is.

Ek glo u sal saamstem dat daar die afgelope jaar werklik goeie vordering op baie terreine in Kranspoort gemaak is. Dankie aan almal wat ‘n bydrae daartoe gemaak het.

Ek en Wilna wens graag hiermee aan elkeen ‘n voorspoedige en veilige nuwe jaar toe. Mag al u goeie drome hierdie jaar ‘n werklikheid word.

Ek wil ook langs hierdie roete ‘n uitnodiging aan almal rig om jul kreatiewe idees en waardevolle raad met ons te deel. Stuur gerus julle gewaardeerde insette direk na my, of maak ‘n afspraak en kom gesels met my. Moet asb ook nie huiwer om ons te kontak as u op enige manier by ‘n spesifieke aksie/projek betrokke wil raak nie. Ons waardeer almal se hulp en betrokkenheid.

Piet Valks
Voorsitter: KEK

# KEK bestuur lewer hulle nuwejaar boodskappe. (vervolg)

**Theo Hurter (Direkteur: Heffings & Lede-register.)**

2020 Was gewis ‘n jaar vol uitdagings en in baie gevalle het dinge nie uitgewerk soos ons beplan het nie. Maar ons kry genadiglik altyd weer ‘n nuwe begin, ‘n geleentheid om weer te beplan en vorentoe te beweeg. Nou sit ons in 2021, ’n vars nuwe jaar met sy eie uitdagings en geleenthede.

Even after the challenges of 2020, we still have so much to appreciate. If we just look around us and see the splendour of God's creation, with all it’s beauty, baby animals, birds and insects, we realise how blessed we actually are.

With that in mind, I want to wish you a wonderful, blessed new year.

My message for 2021 is a quote from the radio and TV presenter, Heindrich Wyngaard: "…wees lekker met ander mense", be kind to each other, be safe and enjoy 2021.

Theo

**Christo Landman (Operasionele Bestuurder)**

So kom 2020 aan sy einde en gaan ons stil-stil 2021 binne, met die hoop en vooruitsig van voorspoed vir alles wat mag voorlê.

In 2000, met die draai van die millenium, het ons almal gevrees die ekonomie gaan om middernag in duie stort en ons spaargeld gaan uit die bank verdwyn.

2020 is weer ‘n jaar wat met onsekerheid en vrees geëindig het. Hierdie jaar sal beslis in die geskiedenisboeke aangeteken word as die jaar van die Covid pandemie.

Dit was vir ons almal n groot finansiële aanpassing en ons almal ken iemand, wat op een of ander manier, direk deur die pandemie geraak is.

Nou is dit 2021 en ons gaan hierdie jaar in met Covid wat steeds langs ons loop en ons toekoms beïnvloed, maar nie bepaal nie. Ek glo dus dat ons hierdie jaar met geloof en hoop kan triomfeer.

Ek wens elke Kranspoorter ‘n geseënde en gesonde 2021 toe.

Met elkeen se ondersteuning en samewerking, poog ons om hierdie jaar steeds die dorp te verbeter tot die spogdorp wat ons almal graag wil hê. Saam bou ons immers aan ons belegging - ‘n Kranspoort om op trots te wees.

Christo

# Kranspoort Game Wardens

The Kranspoort Game Wardens are a group of commited Kranspoort residents with the joint interest in nature and conservation. They spend most of their free time roaming the fields, observing, cleaning and upgrading our beautiful reserve (in collaboration with Dawid van der Walt – Director Game and Environment).

Johan Botha, Head Warden, shared information from their 2020 report:

*Births:* More than 100 Impala, 1 Giraffe, 2 Oryx, 1 Sable, 1 Red Hartebeest and 1 Njala (end December).

*Rainfall:* More or less 350 mm since Sept 2020 (the highest rainfall for the past 10 years).

*Hiking trails:* All hiking trails were cleaned and upgraded.


We thank Johan and his team for their commitment and hard work.



Kranspoortlake after heavy rainfall in December 2020



Hikingtrail in Kranspoort. Photo by Johan Botha



> *“..eerste keer in die geskiedenis geen waterver-skaffings probleme gedurende Desember nie..”*

# Kranspoort Operasionele verslag

Aanvanklik, met die aanvang van die Covid pandemie en die beperkte werksmense, (en ‘n tyd lank selfs geen mense), was dit ‘n werklike uitdaging om die funksionering en herstelwerk van die Kranspoort infrastruktuur in stand te hou. Weereens het die inwoners van Kranspoort hulle staal en lojaliteit getoon deur hand te gee waar hulle kon. As Operasionele Bestuurder, spreek ek my opregte dank uit aan al die inwoners wat gereeld, so gewilliglik, ‘n praktiese bydrae maak.

**Water Reservoir**

Dit is met trots dat ons kan rapporteer dat die nuwe reservoir in Karee straat voltooi en gevul is. Die nuwe reservoir het ‘n waterkapasiteit van 417 000 liter. Met die uitbreiding van die dorp en veral die waterverbruik gedurende vakansies, langnaweke en gewone naweke in die somer-maande, het dit krities geraak om ons watervoorraad aan te vul. Uit spaargeld wat KEK op verskeie wyses bymekaar gemaak het, is die nuwe reservoir kontant gekoop en geinstalleer.

Die resultaat hiervan was dat vir die eerste keer in die geskiedenis daar geen waterverskaffings-probleme gedurende Desember was nie.

**Gholfklub**

Gedurende die afgelope paar maande is ‘n splinternuwe kombuis vir die klubhuis gebou. Vrywillige bydraes en skenkings het dit moontlik gemaak en die gebou is nou 90% voltooi. Teël- en verfwerk is nog uitstaande en sal binnekort gedoen word. Eksterne verskaffers is intussen aangestel om die spysenering te hanteer. Hulle het reeds hulle vernuf gedurende die Kranspoortfees gewys en baie goeie terugvoer deur gelukkige gebruikers gekry. Hulle beplan om, sodra die kombuis in gebruik geneem word, ook voorafbereide wegneemetes in die middae en aande beskikbaar te stel.



**Natuurbewaring**

Op 8 Januarie het van die KEK werkers, met die hulp van Kranspoorters die onaangename taak gehad om ‘n dooie seekoei uit die Kranspoortdam te verwyder. Dit blyk dat die bul gevrek het na ‘n geveg met ‘n ander bul. Inwoners in die omgewing het ‘n paar aande tevore die geraas van die geveg gehoor. Die Departement van Natuurbewaring is hieroor ingelig.

*"Dit is wonderlik as jy die spel bemeester. Nie elkeen wat 'n skei in die hand kry kan touwys raak nie. Maar dit is die moeite werd om te kom saam speel. Jy leer jouself ken en jy leer ander ken in die proses."-Anoniem*

# Jukskei Laer sluit die jaar af



Kranspoort Jukskei se Liga A-span neem 'n belangrike besluit. Links Johan Oosthuizen (kaptein), Frans Krige, Johan Botha en Deon Wentzel



11 Nov - Kranspoort Rondomtaliedag. Jan Badenhorst in aksie



11 Nov - Kranspoort Rondomtaliedag. Johan Botha besig met Prysuitdeling. 17:12



9 Des - Kranspoort Jukskei se Jaarafsluiting. 2020 komitee. Links voor: Amy Marais, Hester Fourie, Christine Krige. Agter van links: Frans Krige, (O-voorsitter), Johan Botha (Voorsitter), Neels Rautenbach, Alicia Rautenbach



12 Des - De Klerkdag te Middelburg. The Pen Squad was 2de in die B-afdeling. Van links: Neels Rautenbach, Alicia Rautenbach, Elize Oosthuizen, Johan Oosthuizen



26 Nov - Die Oog Jukskeifees vir Senior Burgers. Van links: Neels Rautenbach (3de), Pieter Naudé (9de), Danie Strydom (2de), Patrys Steinmann (7de), Retha Potgieter (4 de) 17:08



14 Okt - Naboomspruit Sosiale Jukskeidag. Van links wenners onder dames: Retha Potgieter (8ste), Patrys Steinmann (5de), Hester Fourie (2de). Van links wenners onder die mans: Frans Nelson (4de), Willem Oosthuizen (8ste) 17:07



12 Des - De Klerkdag te Middelburg. Die Honey Buns. Van links: Willie Steinmann, Patrys Steinmann, Dorothy Schnuir, Pieter Schnuir



12 Des - De Klerkdag op Middelburg. Die Willehonne - wenners vir die beste Temadrag. Van links Rentia Botha, Johan Botha, Christine Krige, Frans Krige



12 Des - De Klerkdag te Middelburg. Willehonne

# Veiligheidsverslag. (Johan Botha)

Na die laaste aangemelde nagtelike eskapade van meer as vier maande gelede, toe gepoog is om 'n kragopwekker te steel, is geen voorvalle van huisbraak aangemeld nie. Verdagtes is tot laatnag te voet die skrik op die lyf gejaag.
Daar was wel 'n enkele geval van diefstal waar toerusting deur werkers op die perseel, gesteel is. Die verdagtes is aangespreek en van die perseel af verwyder.

Die huidige rus-en-vrede wat ons geniet, verg egter harde werk en toewyding deur 'n klompie vrywilligers, wat elke dag op verskeie maniere ‘n bydrae daartoe lewer. Sommige van hierdie werk sluit in:

- Manne wat ons grensheinings op ‘n daaglikse basis patrolleer en herstel;
- Groenligpatrollies wat saans tot laataand in skofte ry;
- Heiningmonitors en beligting wat in stand gehou word;
- Inwoners het ook privaat 'n groot aantal alarms by wonings laat installeer. Gekoppel aan meeste hiervan, is die 24uur dienste van 'n gewapende reaksievoertuig. Die sekuriteitspersoon reageer op ongeveer 120 alarms per maand by privaat wonings wat ook bydra tot sigbare teenwoordigheid van sekuriteit in die hele dorp.
- Daar is 2 noodradionetwerke op bystand;
- Relevante inligting word op Buurtwagstrukture en op algemene sosiale groepe deurgegee;
- Die huidige aandklokreël tel ook in ons guns deurdat boosdoeners se bewegingsvryheid ook in 'n mate aan bande gelê word.

Gemeenskapsveiligheid is en bly egter elke inwoner se verantwoordelikheid, hetsy dmv passiewe of aktiewe deelname aan die verskeie strukture en deur die nakoming van bestaande veiligheidsmaatreëls.

# Nood-ambulansdiens vir Kranspoort. (Fonnie van Vuuren)

Die afgelope tyd het ons feitlik met elke mediese noodgeval heelwat probleme ondervind om ‘n ambulans, binne redelike tyd, hier te kry. In een geval het dit 106 minute en aanhoudendende oproepe geneem om mediese ondersteuning by die geval te kry. Dit te midde van uiterste nood en behoefte vir mediese hulp.

Met dit as agtergrond, is daar besluit om ‘n gesprek te voer met die eienaar van ‘n effektiewe ambulansdiens, wat goed toegerus is, en oor bekwame mediese personeel beskik.

Die gesprek is dan ook onlangs gehou met die eienaar, Jan Botha, van GUNMAR SECURITY in Groblersdal. Hulle beskik tans oor twee ambulanse en is in die proses om ‘n derde te bekom. Die bemanning is almal hoogs opgelei met jare se mediese noodgeval ervaring.

Tydens die besoek is hulle noodbeheersentrum ook besoek. Dit beskik oor gesofistikeerde kommunikasie stelsels wat voltyds beman word. Volgens rekords het hulle ambulans slegs 22 minute geneem om Kranspoort te bereik tydens die laaste noodgeval.
Die span staan gereed om Kranspoort ten volle te ondersteun in die toekoms en kan hulle enige tyd geskakel word.

**Ambulans Noodnommers: 064 834 5725 of 064 516 3108**

## Geveerde Vriende (Hannetjie Senekal)

Kranspoort se Geveerde Vriende se ledetal is besig om mooi te groei. Met die laaste Voëlkykdag, 28 November 2020, is daar gesamentlik, ‘n totaal van 104 spesies waargeneem. 'n Nuwe spesie, die Kaapse Vleisanger (#638), is geïdentifiseer. Dit bring die Kranspoort voëllys op ‘n nuwe totaal van 226 te staan.


Die Geveerde Vriende is egter voortdurend op die uitkyk vir nuwe spesies en 'n maand later, op 27 Desember 2020, word pragtige fotos by die Voëlskuiling van 'n Gryskopvisvanger geneem. Dit beteken nog 'n nuwe spesie vir die Kranspoort Voëllys, en die lys verhoog na 227 geïdentifiseerde voëlspesies.

Somertyd is ook babatyd en bykans elke huishouding het 'n verhaal van baba voëltjies wat uitbroei. Dis ook besoektyd vir al die Koekoeke en ander Somerbesoekers. Geniet die voorreg wat ons hier op Kranspoort het om so omring te word met die natuur en al sy wonders.

Alle Kranspoorters word vriendelik genooi om deel te neem aan ons volgende Voëlkykdag, Saterdag 13 Februarie 2021. Kennis van voëls is nie 'n vereiste nie.  'n Gesonde belangstelling in ons Geveerde Vriendjies, 'n verkyker en ‘n Voëlboek, (indien jy een het), is al wat jy nodig het om ‘n wonderlike oggend saam met ons in die natuur te spandeer.



Gryskop Visvanger
Foto deur: Nadia Mathysen





Kaapse Vleisanger

## Kranspoort Fees:  Nag-Gholf (Phil en Maggie Hibbert)

Kranspoort Gholf Klub

On 18 December 2020, Kranspoort Golf Club hosted the ever popular, fun-filled, night golf event with 56 golfers participating in teams of 4 players.

Before the tee-off there was ‘Line Dancing’ from Lee Berry’s “Shake it up SA” academy in Nigel as preparations for competing overseas.

Night Golf is played on a shortened 9-hole course, with flags, with lights. Strip lights define the greens and tee boxes. The golf balls are all impact-activated balls that would shine for 15 minutes after impact allowing golfers the time to follow, or find, their balls without much trouble.

Night golf is a popular event for golfers and spectators, as it is really a fun-filled experience that can be enjoyed with family and friends with lots of laughter and the night sounds in the bush.
The results of the night-golf: 1st: Theo & Sonja van Niekerk, Glen Crouch and Piet Groenewald.

While the golf was underway Leon Van Wyk and Phil Hibbert kept the people entertained with lively music.













# Kranspoortfees: Môremark





















# Kranspoort Fees: Môremark (vervolg)



Staatmaker Fonnie was agter die mikrofoon



Pryse word gewen

# So hou Kranspoorters Kersfees






Ou-Kersaand – Die Elwe maak Kersvader se Boereslee gereed.






# So hou Kranspoorters Kersfees




**Wilma Forssman**

So geseënde Kersfees gehad. Heerlike weg-breek by Kranspoort Vakansiedorp. Wat meer het mens nodig as familie.

Markdag, pryse om te wen, gholf speel, visvang, wildkyk en kersliggies vir die kinders.

Lekker leer swem en spesiale oomblikke gedeel.

Hierdie Kersfees was "magical"!

## Bosveld Kersfees

Kameelperd-Kersboom, Swaaiend in die wind.
Rooibors sit die hoep hoep.
En neurie vir die Kersfees kind!
Stil herkouend by 'n wildevy krip,
Uitgekerf deur tyd,
Tuur die Koedoe koei se kalfie,
Na waar die Loerie ritmies fluit.

Koor;
Arend-Kore, die rustig Kind
Voel die vrede,
As die dou-wind
In die stilte van die wye
Sweef met beeld van bly getye.

Tik-Tok klop houtkapper,
Met sy skrynwerkers snawel skêr
Spikkel –luiperd boodskapper
Dra die boodskap vêr
In gelid volg m'kaya bome.
Stroomaf langs die kant.

'n Rietvink luister skuinsweg
Na wat 'n spoelklip vir hom sê;
Drie wyse Olifant swerwers,
Pelgrims met 'n doel
Kom die Mopanie stal binne.
Waar die rooi-alwyn stoel.

Die leier kniel in eerbied
Sit sy geskenke neer
En die oggendson se mooiwees
Bring die boodskap van ons Heer.

Koor;
Arend-Kore, die rustig Kind
Voel die vrede,
As die dou-wind
In die stilte van die wye
Sweef met beeld van bly getye.



Foto deur Harry Oosthuizen

# Kranspoorters praat oor hul verwagtinge vir die nuwe jaar.

*Wat my die meeste hier in Kranspoort tref, veral rakende denke en vooruitsigte vir die nuwe jaar, is dat Kranspoortmense maar redelik onseker, bang en negatief is oor wat die jaar mag inhou. Ek moet ook byvoeg dat ek niemand kan verkwalik nie. 2020 was gewis 'n moeilike jaar. Natuurlik skilder die media ook nie juis 'n baie kleurvolle prentjie vir ons nie. Ek wil dus hierdie aanhaling deur 'n onbekende skrywer as my nuwejaarboodskap aan Kranspoorters skenk:*
*"As ek vandag enige iets vir jou kon gee, sou dit stilte in jou hart wees en vrede wat heers sodat jy dit wat op jou pad kom, met kalmte en Geloof kan hanteer." Voorspoedige nuwe jaar - Wanda*




**Wynand en Elize** het ook hul Desember saam met familie gekuier. Hulle planne het egter nie net Kersbome en liggies ingesluit nie.

Vroeg in Maart gaan die trouklokke vir hulle lui.

*Baie geluk, julle twee!*

*'Die doel van 'n nuwe jaar is nie dat ons 'n nuwe jaar moet hê nie. Dit is dat ons 'n nuwe siel en 'n nuwe neus moet hê; nuwe voete, 'n nuwe ruggraat, nuwe ore, en nuwe oë. Tensy 'n bepaalde man nuwejaarsvoornemens maak, hy sou geen besluite neem nie. Tensy iemand opnuut oor dinge begin, hy sal beslis niks effektief doen nie. Tensy 'n man begin met die vreemde aanname dat hy nog nooit vantevore bestaan het nie, dit is heeltemal seker dat hy daarna nooit sal bestaan nie. Tensy iemand weer gebore word, hy sal geensins in die koninkryk van die hemele ingaan nie. "*

*I wish PEACE yields your life, LOVE floods your soul and HAPPINESS reflects on your face. I sincerely wish you all the good you deserve.* ***Happy New Year 2021*** *!!*



'n Baie voorspoedige nuwe jaar en mag 2021 gevul wees met baie liefde en vreugde. Richard en Edith

# In die Natuur (Kranspoort se bome – Deel 1)

## Dopperkiaat. (Plaatnr 237) – Bloodwood; p*terocarpus rotundifolius.*







Dopperkiaat word aangetref as meerstammige struike, maar word egter ook ‘n groot (15m) boommet wyd spreiende, ylerige kroon en lang,hoogvertak-kende stam.

**Blomme**
Besonder opvallende, aantreklike, veelvertakte, groot geel trosse blomme. Verskyn gewoonlik November/Desember(soms tot Februarie) en slegs na goeie reën.

**Interessante feite**
Hout is betreklik lig, sag, sonder pithout, geel; swak gehalte en het ‘n onaangename reuk as vars gesaag. Word wel gebruik vir die vervaardiging van huishoudelike artikels.

## Maroelaboom. (Plaatnr 360) – Marula tree; *sclerocarya birrea.*





Maroelas is bladwisselende bome wat tot 18m hoog word. Hulle groei in verskeie tipes bosland en sanderige leemgrond. Hulle blom vanaf September tot November en dra vrugte vanaf Januarie tot Maart.

**Vrugte**
Maroelavrugte is baie sappig en aromaties en is ongeveer so groot soos ‘n kleinerige pruim. Dit kan vars geëet word en het ‘n baie hoë vitamiene C inhoud. Dit kan ook gekook word vir konfyt, vrugtesap en alkoholiese dranke.

**Interessante feite**
Maroelabome is tweehuisig, wat beteken dat hulle ‘n spesifieke geslag het. Gebasseer op hierdie feit, glo die Vendas dat bas-infusies gebruik kan word om die geslag van ‘n ongebore kind te bepaal. As ‘n vrou ‘n seun wil hê, word bas van ‘n manlike boom gebruik; vir ‘n dogter, bas van ‘n vroulike boom. As die kind dan gebore word en die geslag is die teenoorgestelde, word gesê die kind is baie spesiaal want hy/sy was in staat om die gode uit te daag.

*Piet van Wyk (1984) – Veldgids tot Bome*

# In die natuur: Vlakvark (met erkenning aan Mieliestronk.com)







WAT het die maniere van 'n vark en 'n gesig soos 'n nagmerrie? Die antwoord is straks nie so moeilik nie. Dis die vlakvark, natuurlik. Laat ons eerlik wees—hier's nou rêrig 'n hele homp van 'n knopperige lelikheid op pote.

Die kop is te groot vir die lyf. Dis lank en plat aan die voorkant, met oë absurd naby die bokant. Groteske vratte ontsier die kante en buitengewoon lang tande krul by sy bek uit.

En praat van slegte maniere! Die vlakvark is knaend aan die kwyl en boonop 'n onhebbelike morsjors. Trouens, hy is so lief vir modder dat hy meestal met modder bedek is. En sy tafelmaniere! Die opgeskote jonges vreet graag mis. As jy 'n sog met kleintjies opgewonde maak of steur, vreet sy haar kinders net daar op. En ten slotte is daar die slagtande. Hulle lyk dalk snaaks, maar moenie daarmee spot nie. Gevalle is selfs bekend van vlakvarke wat mense doodgegaffel het.

Maar met sy lelikheid en rare maniere is vlakvark se kind bloot goed toegerus om in sy hougebied te oorleef. Met die lang snoet word knolle en wortels ondergronds opgespoor en uitgegrawe en verlate erdvarkgate vir eie gebruik vergroot. Deurdat die oë naby die bokant van die kop sit, kan hy ook bo-oor die lang gras van die Afrika-savanne kyk of daar nie roofdiere soos leeus en luiperds in die omtrek is nie.

Die vlakvark se vratte—van kraakbeenweefsel—is baie belangrik. In die paartyd veg die bere teen mekaar. As dit nie vir die beskerming was wat die vratte bied nie, sou die mededingende vryers se oë en kake sleg deurgeloop het. Die lang, gekrulde slagtande word in gevegte gebruik—en is nuttig om klippe en stompe om te keer wanneer die vlakvark kos soek.

Modderbaddens is niks vreemds in die diereryk nie—die modder help beskerm die diere teen die skroeiende son.

Hou jy die vlakvark dop, kan mens sien hoe hulle op 'n waardige vlakvarkmanier teen 'n vinnige pas voortdraf, elkeen met sy dun kwasstert wat soos 'n klein radio-antenna regop staan. Die vlakvark probeer toeskouers natuurlik nie vermaak nie. Volgens die boek: "Maberly's Mammals of Southern Africa" help hierdie gewoonte die diere waarskynlik om mekaar in lang gras te sien wanneer hulle op die vlug slaan, veral in die geval van kleintjies wat 'n baie beperkte uitsig het.

Die manier waarop hulle hulle "tuiste" binnegaan, is selfs koddiger, veral as hulle dit baie vinnig doen. Die vlakvark se "tuiste" kan 'n vergrote erdvark- of ystervarkgat in die grond wees, en vlakvarke gaan hulle "tuiste" op 'n unieke manier binne. Die jong varkies, wat nog nie betaamlike vlakvarkmaniere aangeleer het nie, sal soos enige ander waardige dier met hulle kop eerste in die skuiling duik. Maar nie die ouers nie! Hulle sal in volle vaart, en met militêre noukeurigheid, vinnig by hulle skuiling omswaai—en haastig agteruitbeweeg tot in die veiligheid van hulle tuiste! Hierdie beweging word nie bloot gedoen om bystanders te vermaak nie. Jy sien, die vlakvark het nou die besliste voordeel dat hy na sy vyand gedraai is en enige verdere aanvalle met sy dodelike slagtande kan afweer.

# Kampvuurstories



**Dirk Ackerman** – Hoofveldwagter in Nasionale Kruger Wildtuin tot 1983, waarna hy as hoof van die Nasionale Parkeraad se binnelandse parke aangestel is.

*As opvolg op ons vorige kampvuurstorie, het ons hierdie keer interessante aanhalings uit die dagboek van 'n Kruger Wildtuin veldwagter. Dit is ware en oorspronklike aanhalings soos aangeteken in die Veldwagtersdagboek deur Dirk Ackerman, oor die tydperk van 1963 to 1983. Nie alleen kry ons insae in die dag tot dag aktiwiteite van 'n veldwagter nie, maar kan ons ook verwonder in die natuur se daaglikse dramas. Sit terug in jou leunstoel en hoor hoe vertel hierdie merkwaardige man stories van sy daaglikse belewenisse en werk, terwyl die kampvuurtjie knetter en speel. -Red*

27 Julie 1963 – "Terwyl ek alleen by die Rabelaisdam sit, merk ek 'n leeuwyfie op wat kom water suip. Daarna loop sy stadig teen die rantjie op terwyl ek haar padlangs met die motor volg. Nà sowat 300 treë stap sy lui-lui oor die pad en gaan toe skielik oor in aksie. Met dié dat sy begin storm, merk ek die vlakvarkbeer 20 tree voor haar op. Sy het hom binne vyftig tree ingehaal, met die regterpoot onderstebo geklap en die vark aan die keel beetgekry. Sy't hom vir 5 minute lank gewurg en eers met sy laaste stuiptrekkings laat los. Dit is opmerklik dat sy by die keel begin bloed oplek en vreet het."

11 Oktober 1963 – "Terwyl ek vanmiddag besig was met patrollie, het ek 'n boodskap ontvang dat 'n besoeker se motor op die Timbavatipad gebreek het. Ek het dadelik vertrek en eers teen skemer die plek bereik. Ek het eers 'n trop olifante gesien en toe die motortjie tussen die koeie en kalfies. Nadat ek daarin geslaag het om die olifante op 'n veilige afstand te kry, het 'n man, die enigste insittende, agter die leuning van die voorste sitplek te voorskyn gekom. Hy het my toe vertel dat die trop al 'n geruime tyd rondom die motortjie wei en dat van die koeie by 'n paar geleenthede 'indrukwekkend kwaai' vir hom deur die venster gekyk het. Ek het sy motor toe na die Orpenhek toe terug gesleep."

21 Mei 1964 – "Tydens 'n besoek aan die gebied langs die Letabarivier, sien ek 'n pragtige olifantbul wat rustig tussen die Mopaniestruike wei. Nadat ek hom vir 'n lang ruk dopgehou het, sien ek vir die eerste keer waar die groef op die punt van een van die olifant se tande vandaan kom. Wanneer hy in die lae struike wei en die takkie wat hy met sy slurp probeer afbreek is 'n bietjie taai, dan trek hy die takkie eenvoudig oor sy een tand. Terwyl hy die takkie se punt met sy slurp grond toe stoot, druk hy met sy tand opwaarts en breek die takkie met brute krag oor die punt van sy tand af. Binne die bestek van een uur het hy vyftien takkies op dié manier gebreek, terwyl hy elke keer dieselfde tand gebruik. Dit is dus te verstane dat die takke deur die jare heen 'n groef in dié tand sal skuur."

3 Mei 1965 – "Terwyl Amos by die Shivhulanikoppies 'n snelheidsbeperkingsteken herstel, stap ek sonder geweer teen 'n klein koppie uit. Toe ek bo kom hoor ek 'n "Brrrrr…"-geluid tussen die rotsblokke agter 'n digte struik. Aangesien ek al by 'n vorige geleentheid en in dieselfde benarde omstandighede, dié geluid gehoor het, het ek maar doodstil bly staan en gekyk of ek nie iets deur die struik kon sien beweeg nie, Na 'n paar oomblikke was daar weer 'n grommende "Brrrr.."-geluid gevolg deur die geluid van rollende klippies, wat vir my 'n aanduiding was dat die dier besig was om pad te gee. Nadat ek my hart terug gesluk het, het ek op 'n rotsblok geklim en was net betyds om 'n leeuwyfie met haar ongeveer drie maande oue kleintjie aan die voet van die koppie, sowat 60 tree van my af, te sien."

13 Junie 1965 – "Terwyl ek met patrollie op die rivierpaaie oos van die ruskamp besig was, sien ek 'n hiëna langs die rivier met 'n luiperdkarkas speel. Hy stoot die karkas met sy neus rond, tel hom in sy bek op en rol heen en weer oor die karkas, maar vreet nie daaraan nie. Rondom die karkas het die hiënas die wêreld platgetrap. Dit is eienaardig dat die hiënas en die aasvoëls nog nie die luiperdkarkas verorber het nie."

2 November 1966 – "Naby Ninini vind ek 'n Kameelperdkoei wat besig is om haar dooie kalf teen twaalf hiënas te beskerm. Sy staan wydsbeen oor die kalf en kap na die hiënas wanneer hulle dit te na aan haar waag. Kort-kort gee sy 'n stormlopie maar moet dan weer vinnig na die kalf toe terugbeweeg omdat die hiënas agter haar aan die

kalf begin vreet. Die kalf was al minstens twaalf ure dood. Ek het nie geweet dat kameelperde sò sterk moederinstink het nie."

29 Junie 1967 – "Vandag ontvang ek 'n berig dat Mnr Piet Louwrens van die plaas "Genoeg", 'n leeu geskiet het wat van die punt van sy neus tot by die punt van sy stert (hare uitgesluit) 3,4 meter lank was. Dit het met 'n leë pens 216, 36 kg geweeg. Die omtrek tussen sy maag en bors op die rib was 1.55 meter. Sy kop tussen die punt van die neus en die kroontjie was 45 cm lank. Dit is heelwat groter as die grootste leeu wat ons nog in enige boeke en geskrifte in Skukuza kon opspoor."

26 Augustus 1967 – "Verlede nag het 'n olifant deur my heining gebreek en oral in die tuin rondgestap, aan die blomme geproe en die maroelas so bietjie gebreek. Hy het ook 'n paar lemoene gevreet maar blykbaar meer van die bougainvillia se blomme gehou, want hy het by elke prieël aangedoen. Hy was ook by ons kamervenster. Red nou 'n wildtuin met 'n veldwagter wat sò vas slaap dat hy die olifant nie eens gehoor het nie!"

7 Mei 1970 – " Ons kamp by Shiteveteve en word laat in die aand deur vier leeus wat ons gedurig in die lang gras bekruip, gepla, terwyl ons om die kampvuur sit en gesels. In 'n stadium het ons een van die leeus met behulp van 'n flou tweeselflitsie opgejaag. Nà hierdie episode het ek dit gerade geag om maar met my geweer op my skoot verder te sit en gesels. Ons moes hulle verskeie kere verwilder terwyl hulle net buite die ligkring van die vuur beweeg het. Net voordat ek aan die slaap geraak het, het een van hulle oor my tenttoue gestruikel en 'n bietjie aan die tentflap kom ruik."

*(uittreksel uit die boek "Die Veldwagters vertel – 78 ware verhale uit ons Nasionale Parke" deur Jan Roderigues)*

# Ken jou taal: Afrikaans

*Ons Afrikaanse taal is ryk en pragtig, maar veel daarvan is aan die uitsterf, bv. Ons idiome. Idiome is kragtige vorme van beeldspraak wat kleur verleen aan die alledaagse taalgebruik. Van die moedertaalsprekers van 'n taal, gebruik dikwels idiome sonder dat hulle eens daarvan bewus is. Ek sluit so paar gepaste diere idiome hierby in ter verryking van ons praatwyse. – Red*

**Leeu:**
Die leeueaandeel kry = die grootste, die belangrikste gedeelte ontvang
Hy en die leeu was deurmekaar = hy is dronk
So reg in die leeu se bek = in die grootste moeilikheid

**Volstruis:**
Iemand is soos 'n volstruis, waar hy kom is hy tuis = hy maak hom gou tuis by vreemde mense
'n Volstruismaag hê = gesê van iemand wat enigiets kan eet sonder om siek te word
'n Volstruispolitiek volg = soos 'n dwaas sy oë sluit vir die waarheid

**Duif:**
Duifie sonder gal = onskuldige persoon
Gebraaide duiwe vlieg niemand in die mond nie = sonder inspanning bereik 'n mens niks nie
Onder iemand se duiwe skiet = hom onderkruip; inbreuk op sy gebied maak

**Olifant:**
Hy is 'n ronkedoor = ongesellige manspersoon ('n Ronkedoor is 'n alleenloperolifant wat uit die trop verstoot is.)
'n Wit olifant = 'n lastige besitting wat van weinig nut is en hoë onderhoudskoste vereis
Van 'n muggie (vlieg) 'n olifant maak = iets sterk oordryf

**Seekoei:**
Dis net die oortjies van die seekoei = wat aan ons bekend is, is slegs 'n baie klein deeltjie van die volle waarheid of die eintlike probleem

**Skilpad:**
Die skilpad het gou in sy dop gekruip = 'n minder hoë toon aanslaan
Soos 'n skilpad loop = baie stadig loop
Vere van 'n skilpad probeer pluk = wat onmoontlik is, probeer doen

# Kwêvoël (met sy tong in die kies)

*Nou is dit tyd om julle aan ons eie Kwêvoël voor te stel. Julle ken hom goed. Hy vlieg oral rond. Hy land waar hy wil, wanneer hy wil, altyd op die loer met sy skerp, ronde ogies, om te sien wat jy doen. Hy luister fyn met onsigbare oortjies na wat jy sê. Stil, stil kuier hy in jou boom, maar boetie, as daardie kuif gaan regop staan, weet maar net, is hy ywerig om sy nuus met ons te deel. Red.*

Julle sal nie glo wat ek gehoor het nie!

Ek loop (of vlieg) nou die dag daar in die Bokkestrate rond. 'n Sekere huis het nou permanente inwoners. Siestog die nuwe aanbouings en die trekkery het seker 'n hele paar rand gekos want hulle geld is klaarblyklik op. Geen gordyne nie sien! Ek weet nie of ek my verbeel het nie, maar ek kon sweer ek sien iemand kaalstert in die huis rondbeweeg!!

Julle weet mos ook van al die inbrake wat ons verlede jaar gehad het. Almal spring mos en laat vir hulle alarms installeer om darem te waarsku as die skelms mens se waardevolle besittings wil wegdra. Ek hoor so met 'n riemtelegram dat hier mense daar in die Visse strate iewers bly wat hulle eie alarm geprakseer het. 'n Tou met blikkies wat groot geraas maak as iemand daarteen vasloop! Nogal effektief moet ek sê.

O ja, weet julle van die ander vroutjie daar by die Voëlstrate wat so deur 'n perdeby op die ooglid gesteek is? Sy wil mos nuuskierig wees! Siestog, haar hele gesig was opgeswel....

'n Dame vertel mos vir my sy is so bang vir die pes wat die wêreld so bedreig en sy het boonop gehoor dat 'n selfoon baie kieme op kry. Sy gooi toe maar haar selfoon as 'n voorkomende maatreël saam haar wasgoed in die masjien en was 'n hele siklus. Nodeloos om te sê die (nuwe) selfoon is toe dood soos 'n mossie!

Iemand anders daar by die visse strate se selfoon (wat in die broeksak was) het sowaar nie eenkeer nie maar twee kere in die toilet beland!!

Dan het ons iemand anders in die bokke-strate wat haar foon laat verlore raak het so paar jaar gelede. Na 'n vreeslike soektog ontdek sy die baie belangrike item in die vrieskas! Sy het hom seker daar gebêre want hy was verseker warm gepraat...

Ek sal julle op hoogte hou as ek weer ander nuus hoor!

Kwêvoël groete

## Kranspoort Bulletin Redaksie

Redaksieleier:
Wanda Underhay
wandaunderhay@gmail.com
Selfoon: 082 941 5051

Verslaggewers:
Elsabe Strydom - 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728
Kokkie Geyer – 082 413 0059

Proeflesers:
Johan Botha
Erna Ruthven

*Ons wil 'n uitnodiging rig om terugvoer van ons lesers te bekom. Indien jy graag wil kommentaar lewer, vrae vra of voorstelle maak – 'Whatsapp' dan enige van bostaande mense direk. Begin met die woorde "Bulletin terugvoer-" sodat ons dit nie misloop nie en moet asb nie vergeet om jou naam in te sluit nie.*

# Advertensieblad







**Erf te koop**

**Besit jou eie stukkie Bosveld in Kranspoort Vakansiedorp. Erf geleë te Rooibok str. 41. Erf in doodloopstraat met besonderse uitsig. Slegs 50 meter vanaf plaveisel pad (Kranspoort rylaan). Grootte 1200 vk meter. Nou dringend te koop teen die weggee prys van R175,000.**
**Kontak Elna 071 485 0236**



# Advertensieblad

